

15 Junie Handeling 16:16-26, (Teks: 16:25-26)

Ons Here Jesus Christus is die krag van die gebed

In die boek Handeling kry ons nie net die handeling van Koning Jesus deur sy gesante nie. Ons hoor ook van die handeling van die duiwel deur sy trawante. In Filippi mobiliseer die Satan sy helse magte teen die oorwinningstog van die Evangelie. Die resultaat is dat Paulus en Silas in die tronk beland.

Wat doen hulle dan? In hulle diepste nood het die kerk van die Here deur die eeue heen altyd een wapen geken - die wapen van die biddende hande. Hulle neem hulle toevlug tot die handeling van die gebed. Ons moet dit nie verkeerd begryp nie. Gebed beteken nie dat ons self wil handel nie. Waaragtige gebed beteken juis om jou hande na Christus uit te steek dat Hy sal handel en met sy almagtige handeling reddend sal ingryp. Met ons gebede sê ons juis: Met ons handeling kry ons niks reg nie. Ons handeling kan die duiwel nie stuit nie, maar u handeling, Here, is alles.

Die gebed is 'n wapen so ontsaglik kragtig, nie omdat die gevoude hande self so sterk is nie, maar wanneer ons bid, lê ons ons nood en die voortbestaan van God se kerk *in die almagtige hande* van ons God en Koning.

Die vrug van die gebed is so heerlik: Dit het die kerk laat sing midde-in hulle nood en dit het onverwagte verandering gebring in hulle moeilike omstandighede.

Sing: Psalm 42:5

Dr. A.H. Bogaards (Daniëlskuil/Delportshoop)